UNIVERSITEIT · iYUNIVESITHI · STELLENBOSCH · UNIVERSITY

100

1918 · 2018

*11 Januarie 2018*

Beste Universiteit Stellenbosch-student

***REGISTRASIE, STUDENTEGELDE EN FINANSIËLE BYSTAND***

Ek vertrou dat jy ŉ welverdiende ruskans geniet het. Ons sien daarna uit om jou terug te verwelkom!

Ons kampusbedrywighede sal binnekort goed op dreef wees vir 2018 – ŉ jaar waarin die Universiteit sy eeufees herdenk.

Neem asb. kennis van die belangrike inligting hieronder en onthou asb. dat jy vanaf Vrydag 12 Januarie 2018 aanlyn kan registreer.

Sedert verlede jaar is daar heelwat in die media oor studentegelde en registrasie berig. Ons wil graag sekere spesifieke kwessies uitlig om jou beter op hoogte te bring van die administratiewe en finansiële ondersteuning wat beskikbaar is, asook oor die gepaardgaande prosesse.

**Presidensiële Verklaring – gratis hoër onderwys vir arm en werkersklasstudente**

In opvolging van die Presidensiële Verklaring oor "ten volle gesubsidieerde gratis hoër onderwys en opleiding vir arm en werkersklas Suid-Afrikaners" beginnende in 2018, is die definisie van arm en werkersklasstudente uitgebrei na studente uit Suid-Afrikaanse huishoudings met ŉ gesamentlike jaarlikse inkomste van tot R350 000 in die 2018 akademiese jaar, wat die eerste keer aan ŉ openbare universiteit inskryf.

Die Verklaring het aanleiding gegee tot die stigting van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) se Beursskema vir arm en werkersklasstudente ten einde hulle in staat te stel om aan ŉ openbare universiteit te kan studeer.

NSFAS (die Nasionale Finansiële Ondersteuningskema vir Studente) is tans deurlopend in gesprek met die DHOO en Universiteite Suid-Afrika (USAf) oor die impak hiervan op die 2018 akademiese jaar met die doel om registrasieprosesse so glad moontlik te laat verloop. NSFAS sal die kapasiteit van sy Kontaksentrum uitbrei om groter volumes te akkommodeer en sal verteenwoordigers by universiteite plaas om appèlle te hanteer.

- **Studente reeds in die stelsel wat onder huidige kriteria deur NSFAS befonds word,** sal in 2018 in die vorm van beurse befonds word**.** Dit sal nie nodig wees dat hierdie toekennings terugbetaal word nie. Terugkerende studente, wat vir NSFAS-befondsing kwalifiseer, sal vir die akademiese jaar 2018 kan registreer sonder om die verpligte eerste paaiement van hulle studentegelde te betaal.



Registrateursafdeling | iCandelo leRejistra | Registrar's Division
Privaat Sak X1, Private Bag X1, Matieland, 7602
Tel/Ifoni: +27 21 808 9111 | Faks/Fax/Ifeksi: +27 21 808 3822 | www.sun.ac.za

- **Studente wat met hulle studie voortgaan en voor die sluitingsdatum van 30 November 2017 vir die eerste keer by NSFAS aansoek gedoen het**, sal vir befondsing oorweeg word. Die kriteria wat vir terugkerende studente sal geld, is dieselfde as in vorige jare, vóór die instelling van die DHOO se Beursskema vir 2018 (die bepalende faktor is die bruto huishoudelike inkomste-drempel van R122 000 per jaar). Die rede vir die toepassing van dié kriteria is dat die nuwe DHOO-beurskema oor 'n tydperk van vyf jaar ingefaseer gaan word, beginnende met studente wat in 2018 vir die eerste keer aan 'n hoër onderwysinstelling studeer (die sg "first-time entering (FTEN)" studente).
- **Studente wat met hul studie voortgaan en wie se gesamentlike bruto huishoudelike inkomste nie R350 000 per jaar oorskry nie,** wat nie by NSFAS om finansiële bystand aansoek gedoen het nie, en ook nie by die Universiteit nie, kan voor 15 Februarie 2018 info@sun.ac.za besoek, of die inligtingstoonbank by die Sentrum vir Beurse en Lenings in Admin A op die Stellenbosch-kampus, of die Beurse en Leningskantoor in Kamer 1043, Kliniese-gebou op die Tygerberg-kampus, vir besonderhede oor institusionele befondsingsgeleenthede.
- **Vrae en antwoorde ("frequently asked questions")** oor die DHOO se Beursskema vir arm en werkersklasstudente in openbare hoëronderwysinstellings, soos deur die DHOO gepubliseer, is hier beskikbaar.
- **Navrae** oor die Presidensiële Verklaring oor gratis hoër onderwys kan gerig word aan info@sun.ac.za.

### Oorbruggingsbefondsing van die DHOO in 2018

- Studente wat die 8% oorbruggingsbefondsing (die sogenaamde "gap funding") in 2017 ontvang het, sal dié korting in 2018 ook ontvang en hoef nie weer om dié befondsing aansoek te doen nie.
- Studente uit gesinne met 'n gesamentlike bruto huishoudelike inkomste van tot R600 000 per jaar wat nie die oorbruggingsbefondsing in 2017 ontvang het nie, sal daarvoor moet aansoek doen. Van hierdie studente sal steeds verwag word om, soos in die verlede, by registrasie die eerste verpligte paaiement te betaal, maar hul studenterekeninge sal met 8% gekrediteer word indien hulle vir die befondsing kwalifiseer, en sodra die staatsfondse aan die Universiteit oorbetaal is.
- Die DHOO-aansoekvorm vir oorbruggingsbefondsing is hier beskikbaar. Voltooide aansoekvorms, saam met ondersteunende dokumente, kan gestuur word aan gapfunding@sun.ac.za of, in harde kopie-formaat, by die Sentrum vir Beurse en Lenings, Admin A op die Stellenbosch-kampus, of by die Beurse en Leningskantoor, Kamer 1043 in die Kliniesegebou op die Tygerberg-kampus, ingedien word. Maak asseblief seker dat al die nodige dokumente jou aansoek vergesel. Onvolledige aansoeke sal onnodige vertragings meebring.

### Registrasie aan die US

- Aanlyn-registrasie vir 2018 sal op Vrydag 12 Januarie open by my.sun.ac.za (>>voorgraads >>administrasie >>e-Registrasie). Studente wat op dié wyse registreer, sal lang rye vermy. Studente wat nie aanlyn kan registreer nie, sal steeds deur ons administratiewe personeel bygestaan word.
- Terugkerende studente wat met hulle studie mag voortgaan en vir 2018 NSFAS-befondsing ontvang, sal toegelaat word om te registreer, sonder betaling van die verpligte eerste paaiement.
- Soos in vorige jare, sal studente wat beurse/lenings vir 2018 ontvang, maar steeds uitstaande studieskuld van vorige jare het, toegelaat word om vir 2018 te registreer, mits die beurs/lening die verskuldigde bedrag, sowel as die verpligte eerste paaiement vir 2018, dek.
- Studente wat nie uitstaande skuld het nie, maar nie die verpligte eerste paaiement vir 2018 kan bekostig nie, kan, soos in die verlede, reëlings tref met die Studentegeldekantoor in Admin A op die Stellenbosch-kampus, of met die Studentegeldekantoor in die Kliniesegebou op die Tygerberg-kampus, of 'n e-pos stuur aan studentaccounts@sun.ac.za, om die verpligte eerste paaiement oor drie maande af te betaal.

**Navrae**

Indien jy nog navrae oor finansiële ondersteuning en betalings het, nadat jy die webwerf (www.sun.ac.za) geraadpleeg het, is daar nog die volgende opsies beskikbaar:

- Algemene navrae: info@sun.ac.za of 021 808 9111
- NSFAS-verwante inligting is beskikbaar by www.nsfas.org.za
- Vrae en antwoorde oor die Departement Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) se Beursskema vir studente wat die eerste keer aan 'n hoër onderwysinstelling registreer, en NSFAS-befondsing vir studente wat hulle studies voortsit: Kliek hier.
- Navrae oor oorbruggingsbefondsing vir 2018: gapfunding@sun.ac.za
- Navrae oor finansiële ondersteuning: Inligtingskantoor in die Sentrum vir Beurse en Lenings in die Admin A-gebou op die Stellenbosch-kampus, of die Beurse en Leningskantoor, Kamer 1043 in die Kliniesegebou op die Tygerberg-kampus.
- Om reëlings te tref vir die afbetaling oor drie maande van die verpligte eerste paaiement van jou studentegeld vir 2018: studentaccounts@sun.ac.za of die Studentegeldekantoor in Admin A op die Stellenbosch-kampus, of die Studentgeldekantoor in die Kliniesegebou op die Tygerberg-kampus.

Met beste wense vir 'n suksesvolle akademiese jaar!

**Ronel Retief**
**Registrateur**